

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 170
(September 1982)

NIE MY WIL NIE

* * * * *

"Laat U Wil Geskied"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Maak my Gehoorsaam

U WIL

God het 'n wil. En Sy wil is volmaak en goed en reg.

Maar hoe lyk die wil van God? Kan ons dit te wete kom?

Verseker, ja! Ons ken Sy wil uit Sy Woord. Daarin het Hy dit vir ons laat opteken.

Wanneer ons self die Bybel lees, en in die kerk na die Woordverkondiging luister, en wanneer die kinders in die katekisasieklas onderrig word, dan word ons ingelei in die wil van die Here.

Hy laat ons nie in die duister oor wat Sy wil is nie.

U WIL GESKIED

As ons bid: "Laat U wil geskied," dan bid ons: Laat *nie* òns wil nie, maar U wil geskied. Teenoor ons verdorwe wil staan die heilige wil van God. Teenoor ons *koerslose* kompas het ons 'n *koersvaste* rigtingwyser vir ons lewens, naamlik die onfeilbare Woord van God

Dit leer die Bybel self aan ons:

Ps. 19:8 en 9:

"Die *wet* van die HERE is volmaak:

dit verkwik die siel. Die *getuïenis* van die HERE is gewis:

dit gee wysheid aan die eenvoudige. Die *bevele* van die HERE is reg:

hulle verbly die hart. Die *gebod* van die HERE is suiwer:

dit verlig die oë."

GEHOORSAAM

Die bede: "Laat U wil geskied" is om te vra: Here, maak my gehoorsaam aan U Woord.

Gee aan my die krag en genade en wysheid sodat ek voortdurend met 'n geopende oor na U stem sal luister soos wat U my aanspreek in U Woord.

Ons moet nie net *hoor dat* Hy praat nie. Dit is maklik en vra weinig inspanning. Wat egter baie moeiliker is en jou volle aandag vra, is om te *luister wat* Hy sê. en dit dan ook te doen.

SONDER TEËSPRAAK

Al mag die eindresultaat dieselfde wees, is daar 'n groot verskil tussen om al morrende en klaende te doen wat iemand vir jou vra, en om dit sonder teësprak te doen en met oorgawe gehoorsaam te wees.

Om teëstribbelend gehoorsaam te wees, om onwillig "Ja" te sê, is om met jou *hand* gehoorsaam te wees aan die Here, maar nie met jou *hart* nie.

Nee. dit moet in jou 'n lus en 'n vreugde wees om as kind jou hemelse Vader se wil te betrag.

Om daartoe in staat te wees, moet jy 'n nuwe mens wees — deur God self nuutgemaak.

Romeine 12:2 "Julle moenie aan hierdie wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat voor Hom goed en aanvaarbaar en volmaak is."

Ds. André Grove

"Ek wil my met U wil versoen"

(Ps. 39:5 berym)

Nie My Wil Nie

MY WIL IS VERBODE

Elke mens het 'n wil — sy eie wil. Maar dit is 'n verdorwe wil.

Toe Adam en Eva in die Paradys in sonde geval het, het hulle nie opgehou om 'n *wil* te hê nie. Wat wel gebeur het, was dat hulle wilslewe verdorwe geraak het.

Die mens het met die sondeval nie *willoos* geword nie, maar van nature is hy nou *onwillig* om aan die Here se wil gehoorsaam te wees.

As sondaar is jy *eiewillig*. Jy is koppig. Jy wil jónú sin kry. Jy wil jou eie wil afdruk op ander mense.

MY WIL VERSAAK

Omdat jou verdorwe wil jou 'n verkeerde koers laat inslaan, skerp die Here jou op om jou eie wil te versaaak. As jy doen wat jy wil, kan jy daar honderd persent seker van wees dat dit *nie* sal strook met die Here se wil nie.

In Efesiërs 2:3 sê Paulus dat "ons almal vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons *die wil van die vlees* en van die sinne gedoen het".

Romeine 7:20: "En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon."

Jou eie wil sal jou op die breë pad laat loop wat na die verderf lei. Daarom moet jy jou eie wil *versaak*. Jy moet jou eie (selfsugtige) wil afsterwe en jouself verloën.

Dit gaan van jou 'n groot offer vra. Dit gaan van jou vra om teen jou eie natuur in op te tree.

Jy sal by dié punt moet kom (en deur die Here se genade kán jy by dié punt kom) dat jy saam met Paulus in Galasiërs 2:20 sê: "Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe."

MY WIL WORD OMGEBUG

Wanneer 'n mens bid: Laat nie my wil geskied nie, want dit is verdorwe, dan sê jy daarmee: Ek is van harte bereid om my wil te laat ombug.

Christus het Self in Johannes 5:30 gesê: "Dit (is) nie my wil wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."

Ons is nie uitgelewer aan ons eie wil nie en daarvoor kan ons die Here nie dankbaar genoeg wees nie.

Want, 'n Kind van die Here se wil staan onder die heerskappy van sy hemelse Vader. So skryf Paulus in Filippense 2:13: "Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk."

NUUTGEMAAKTE WIL

En wat doen Hy met Sy wil?

Deur sy Heilige Gees wederbaar Hy jou en open die hart wat gesluit is. Hy versag die hart wat hard is.

In dié wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word.

Hy maak die wil wat boos was, goed en die wil wat nie wou nie maak Hy nou gewillig. Die wil wat weerspanning was, maak Hy nou gehoorsaam.

Hy beweeg en versterk die wil. sodat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring (Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, paragraaf 11).

Ds. André Grove

*Die Heilige Gees beweeg en versterk die wil
sodat dit soos 'n goeie boom vrugte van
goeie werke kan voortbring.*

In Diens van God

NIE WAT EK WIL HË NIE

As jy bid: "Laat U wil geskied," beteken dit dat jy vir God sê: "Moet nie doen soos ek wil nie, maar soos U wil!" Dit het betrekking op jou hele lewe. Inderwaarheid vra jy na die Here se bedoeling met jou lewe.

GOD SE BEDOELING MET JOU IN DIE KERK

Jy het 'n werk in die kerk! Al is jy nie 'n predikant of 'n diaken of 'n ouderling nie. Die ampsdraers se werk is nie om alles in die gemeente te doen nie; hulle hoofsaak is om elke lidmaat toe te rus en op te lei vir hulle taak in die gemeente.

Die gemeente is soos 'n liggaam.

In die Bybel word die gemeente met 'n liggaam vergelyk, en die verskillende gemeentelidmate met die verskillende onderdele, organe en ledemate van die liggaam.

Elke onderdeel van 'n liggaam het sy eie werk, en as hy sy werk nie doen nie, dan ly die hele liggaam daaronder.

Net so het ook jy 'n spesifieke taak in die gemeente waarin God jou geplaas het.

As jy nou bid: "Laat U wil geskied" dan vra jy eintlik vir God dat Hy vir jou moet wys wat jǒu taak in jou gemeente is, en dat Hy jou moet help om nie met allerhande flou verskonings weg te skram van hierdie taak nie.

ONTHOU: 'n Liggaam het elkeen van sy ledemate en organe nodig, anders word daardie liggaam siek, en kan hy nie meer sy werk doen nie. Net so het jou kerk jǒu nodig.

GOD SE BEDOELING MET JOU ELDERS

Jy twyfel seker nie daaraan dat jy nie net in jou kerk 'n taak het nie? Besef jy egter dat ook buite jou kerk jy nie maar net aan jou eie giere en begeertes kan voldoen nie?

NEE — ook in hierdie opsig vra jy: "Laat U wil geskied."

Wat jy ookal doen — of jy nou jou eie baas is, of die direkteur van 'n maatskappy, of 'n klerk van die laagste rang, of 'n huisvrou — wat jy ookal doen, doen dit terwyl jy vra:

Here, hoe wil U hê moet ek dit doen?

Wat is U wil vir my verhouding . . .

- met my werknemer . . .?
- met my baas . . .?
- met my kollegas . . .?

Hoe wil U hê moet ek my geld bestee?

En . . . maak jy maar self die lysie verder vol.

Daarom: As jy bid: "Laat U wil geskied." dan vra jy vir God dat Hy jou moet wys wat Sy bedoeling met jou lewe is, en daarby vra jy dat Hy jou die krag gee om in te val by hierdie bedoeling.

VIR GOD, EN IN OPDRAG VAN GOD

Telkens wanneer jy weer bid: "Laat U wil geskied," onthou dan dat jy onder andere daarmee sê:

In ALLES wat ek doen — of dit nou in my kerk is, of my werk, of my huis, of waar ookal — in ALLES is dit nie vir my belangrik wat ék wil hê nie, maar wat die Here wil hê.

Alles doen ek in opdrag van die Here . . . , en vir die HERE.

My hele lewe tot eer van die HERE.

Dr. Fika van Rensburg

GOD IS DIE HERE!

. . . IN JOU KERK

. . . EN JOU HUIS

. . . EN JOU WERK!

Op die Voorbeeld van die Engele

Wanneer ons bid: "Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde," dan bid ons daarmee dat ons net so gehoorsaam sal wees aan die wil van God as die engele in die hemel.

Ons moet ons taak hier op aarde uitvoer na die voorbeeld van die engele in die hemel. Die dienswerk van die engele is voorbeeldige taakvervulling.

En wanneer Jesus Christus die Onse Vader-gebed aan ons leer, dan hou Hy daarin die dienswerk van die engele as voorbeeld aan ons voor.

Van die engele weet ons nie veel nie. Hebreërs 1:14 sê tog iets oor hulle, naamlik dat hulle dienende geeste is wat vir diens uitgestuur word ter wille van dié wat die saligheid beërwe.

Uit die res van die Bybel is dit duidelik dat hulle volmaakte diensknegte van God is.

Hulle is steeds in totale diensbereidheid voor sy aangesig en rondom sy troon.

Hulle is altyd aan diens. Altyd paraat. Altyd gewillig.

Altyd getrou in die mees beskeie werk. Altyd bereid om die wil van God te volbring. Altyd gereed om sy bevele uit te voer.

Dit is hulle vreugde om te doen wat Hom behaag, en om in Sy heilige diens te staan.

Só is die Koninkryk van die hemele, één geordende skare van gewillige diensknegte, almal diensbaar aan die wil van God.

Die engele soek ook ons gewillige nabyheid voor God. Ons moet ook dien soos die engele dien. Nie elkeen sy eie belang soek nie. Die Here Jesus stel dit ook in duidelike taal (Luk. 15:10): "So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

Sy wil is almal se wil. Daarvolgens bestaan en leef almal in volkome harmonie en eenstemmigheid.

Dit is ook waarom die engele in die Bybel dikwels in kore voorgestel word. Daarmee word die volmaakte eenheid en harmonie onder hulle uitgebeeld.

Die engele-wêreld vertoon 'n betowerende skoonheid, want daar woon almal saam, stem almal saam, dien almal saam, werk almal saam, sing almal saam, bid almal saam en beoog almal saam die eer en verheerliking van God.

Hierdie volmaakte harmonie, volstreekte gehoorsaamheid aan die wil van God en voortdurende vrywilligheid om te dien wat kenmerkend is van die engele, is vir ons tot voorbeeld van hoe ons ons lewe moet inrig en ons taak moet uitvoer.

Soos hulle moet ons ook elke opdrag van die Here met groot gewilligheid vervul; moet ons ons ook verlustig in ons diens aan God en moet ons dit doen met al die toewyding waaroor ons beskik.

In ons daaglikse arbeid, in die amp wat ons beklee, in ons omgang met ons medemens, in die aktiwiteite van elke dag, moet ek getrou en nougeset en eerlik wees, in alles aan God gehoorsaam; nie my eie voordeel soek nie, maar die wil van die Here uitvoer.

Elke dag opnuut weer die knieë voor Hom buig en vra: Here, leer my na U wil te handel —

soos die engele in die hemel dit doen!

Ds. Pieter van der Walt

*Soos die engele moet ons ook elke opdrag
van die Here met groot gewilligheid vervul.*

DIE VERHORING VAN

"Laat U wil Geskied"

Vriend, waarom bid jy? 'n Hartsbehoefte? Blote gewoonte? 'n Formaliteit?

Mooi so.

Dit is 'n goeie gewoonte. Dit is 'n gestewigde formaliteit. Agter die diepe behoefte van my hart

en in die gewoonte

en deel van die formaliteit

bid ek om

verhoor te word.

Laat U wil geskied.

Dit is 'n geweldige gebed wat in verhooring moet gaan. God word nie alleen geraak nie. Ook my lewe word daardeur ten nouste geraak, soos Jesus Christus sê in Matteus 16:24: „As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." Die apostel Paulus skryf dit so pragtig in sy brief aan Titus in hoofstuk 2 vers 11 en 12: "Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikheid te verloën. . ."

Die bede gaan dus om God myself en alle mense.

As dié woorde verhoor word, begin dit dus by myself. Dan begin dit ook nie dat ek sal kyk of ander mense aan Gods wil gehoorsaam is nie. Ek moet wel na die ander mense omkyk, maar ek staan voor God vir myself verantwoordelik.

Voorop is God.

Dan eerste ek.

Daarna eers alle mense.

Alle mense kan tog nie Gods wil gehoorsaam nie. Wat van die wat stryd voer teen die koninkryk van God? Wat van diegene wat sê daar is geen God nie?

Vir hulle kan ons bid dat God hulle sal vergewe soos Christus ook self nog aan die kruis gebid het: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk. 24:34).

In plaas daarvan dat ons oor hulle sal praat, moet ons vir hulle bid omdat hulle ook ons teenstanders in die koninkryk van God is.

Oral waar daar mense is, moet Gods wil geskied.

Die bede loop uit op die volkomenheid van Gods koninkryk as God alles sal wees in almal.

Dit loop dus uit op die ewigheid op 'n nuwe aarde en onder 'n nuwe hemel wanneer die goddelose van die aarde af sal verdwyn.

Die gebed sê dus: Here, maak tog alles nuut.

Geen rusies. Geen haat. Geen oorlog. Geen honger. Geen pyn.

As ons so ons bede bid: Laat U wil geskied, dan bid ons dat die aarde presies so daarna moet uitsien soos in die hemel.

Die mens kan nie van die aarde, hemel maak nie. God bring 'n nuwe aarde na vore.

Met dié bede bid ons dat die aarde nie neerdaal na die hel waar Gods wil geïgnoreer word en waar teen God gespot word nie.

So bid ons saam dat die aarde bewaar sal word.

Dat die aarde waardig na die hoogtes van die hemel gevoer sal word.

Die hemel is die plek waar Gods wil volstrek geskied.

Bid om . . . verhoor te word.

Ds. Andries Mulder